Ons Herder bring ons by goeie weiding, veiligheid en rus, ware lewe

Woordbediening: Esegiël 34:11-15; Johannes 10:1-10
Fokustekse: Eseg 34:14,15 en Joh 10:7-9

"'Ek sal vir hulle sorg vir goeie weiding. Hulle sal wei op die hoë berge van Israel en rustig daar in die goeie weiveld lê en herkou. Hulle sal op geil veld wei daar in die berge van Israel. Ek sal self my kleinvee se herder wees en hulle rustig laat lê en herkou,'sê die Here, my God."(Eseg 34:14,15)

"Toe het Jesus verder gesê:'Dit verseker Ek julle: Ek is die ingang vir die skape. Almal wat voor My gekom het is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie. Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word. Hy sal in en uit gaan en weiding kry."(Joh 10:7-9)

Die verband tussen Esegiël 34 en Johannes 10 is maklik om te verstaan. God het sy belofte gehou. Deur sy Seun, Jesus Christus, as ingang versamel God sy verstrooide kudde. Elkeen wat in Jesus glo word deel van hierdie versameling en kan seker wees van die versorging wat God vir hulle bied.

"Goeie weiding" beteken goeie geestelike versorging met die Woord van God, in besonder met die Evangelie van Jesus Christus. Diewe en rowers kom met valse leer wat as die Woord van God opgedis word om God se kinders in hulle eie mag te kry.

"Veiligheid en rus" verseker ons van God se beskerming. Wie deur Jesus gered word is veilig by Hom en mag nou al die rus wat Hy ons bied geniet. Daarom is dit so belangrik dat ons sy Woord rustig "herkou".

"Ware lewe", mits jy verstaan en glo dat die lewe wat Jesus aan ons gee oor veel meer as "Wat moet ons eet of wat moet ons drin of wat moet ons aantrek?" (Mat 6:31) gaan. Ons "sout" word smaakloos en ons "lig" doof uit as ons meegevoer raak deur die dinge wat slegs om die tydelike gaan.

Is een van die redes waarom die kerk sy identiteit verloor, nie dalk omdat ons op vals verwagtings probeer om ware kerk te wees nie? Hier is 'n paar selftoets vragies:

- Op wie is my hoop op ware versorging gebou: mense of God?
- Aan watter vereistes moet mense voldoen om deel van God se kudde te mag wees: menslike voorskrifte of geloof in Jesus Christus?
- Wat vul my lewe: my prestasies en besittings of die inwoning van God se Gees?

Let ook op hoe hierdie vrae in Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus beantwoord word.